**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)

Hersieningsnommer : SR29/2004

In die Spesiale Hersiening van:

**DIE STAAT**

*versus*

**PHILLEHA TABOHO MOKOENA**

| | |
|---|---|
| **CORAM:** | CILLIé R *et* VOGES WR |
| **UITSPRAAK:** | CILLIé R |
| **DATUM GELEWER:** | 26 FEBRUARIE 2004 |

[1] Die verhoor van hierdie beskuldigde het in die landdroshof te Sasolburg 'n aanvang geneem op 11 November 2002. Getuienis is voor die landdros gelei en die verrigtinge is meganies opgeneem. Op 4 Desember 2002 is die verhoor hervat en daarna uitgestel na 4 Februarie 2003 vir verdere voortsetting van die verhoor. Op laasgemelde datum kon die verhoor nie voortgaan nie omdat "landdros afsiek vandag". Sedertdien is die saak op tien geleenthede uitgestel vanweë die landdros se ongesteldheid. Die hooflanddros van daardie kantoor rapporteer nou dat die verhoorlanddros in Maart 2003 'n hartomlyningoperasie ondergaan het en in die proses is om medies

ongeskik verklaar te word. Hy is sedert 19 Junie 2003 nie meer op kantoor nie.

Die hooflanddros het nou die saak op spesiale hersiening gestuur en versoek dat die verrigtinge tersyde gestel word omdat dit “sinneloos blyk te wees om die aangeleentheid nog verder te vertraag”. Ek aanvaar dat daar ‘n praktyk gevestig het dat ‘n Hersieningsregter op hierdie wyse oorweging aan die aangeleentheid kan gee ten spyte daarvan dat artikels 301 tot 304 van Wet 51 van 1977 wat met hersienings van strafverrigtinge in laer howe handel, beperk is tot gevalle waar daar ten minste ‘n skuldigbevinding was.

[2] Artikel 118 van Wet 51 van 1977 voorsien dat waar ‘n Regter of landdros <u>voor enige getuienis</u> aangehoor is “om enige rede nie beskikbaar is om die verhoor voor te sit nie” kan die verhoor voor ‘n ander Regter of landdros voortgesit kan word. Artikel 147 van Wet 51 van 1977 reël die posisie waar ‘n assessor gedurende ‘n verhoor sterf of onbekwaam raak om as assessor voort te gaan. Die regsposisie wanneer ‘n landdros <u>na getuienis</u> reeds aangehoor is en vir een of ander rede nie met die verhoor kan voortgaan nie word egter nie statutêr gereël nie.

[3] Dit moet nou aanvaar word dat die vraag in sulke gevalle is of so ‘n landdros “onbeskikbaar” is om met die verhoor voort te gaan. Vgl **<u>STAAT v GWALA AND OTHERS</u>** 1969(2) SA 227 (N) en die volbank uitspraak in **<u>STAAT v TLAILANE EN ‘N ANDER</u>** 1982(4) SA 107 (T) waarin die uitspraak in **<u>REX v MHLANGA</u>** 1959(2) SA 220 (T) omvergewerp is. Hierdie uitsprake handel met gevalle waar die landdros wat tot op daardie stadium die getuienis aangehoor het uit die

distrik verplaas is. In **STAAT v LAPPING** 1998(1) SASV 409 (W) het die hof te doen gehad met 'n landdros, wat nadat getuienis aangehoor was, gearresteer is en verhoor moes word op klagtes van bedrog. Daardie landdros was as gevolg hiervan geskors van diens. Cloete R se bevinding was dat die landdros onbeskikbaar is om die verhoor voort te sit en is gelas dat die verrigtinge tot op daardie tydstip tersyde gestel word. Insgelyks is soortgelyke bevele gemaak waar die landdros ernstig siek geword het. Vergelyk **STAAT v MAKONI AND OTHERS** 1976(1) SA 169 (R) en **STAAT v CHIGUMBU** 1980(1) SA 927 (R) alhoewel in laasgenoeme geval dit skyn asof die bevel ietwat voortydig gemaak was. In **STAAT v TLAILANE** (*supra)* het Van Reenen R op bl 110H tot 111A aangedui dat die vraag of die siekte langdurig genoeg is om 'n herverhoor te gelas telkens aan die diskresie van die Hersieningsregter oorgelaat moet word.

[4] Ek aanvaar dat in die onderhawige geval die gesondheidstoestand van die landdros sodanig is dat hy permanent ongeskik is om die verhoor voort te sit. In navolging van die bovermelde uitsprake sou dit dan lei tot 'n bevel soos die hooflanddros van Sasolburg aanvra. In **STAAT v DE KOKER** 1978(1) SA 659 (O) het hierdie Hof by monde van Flemming WnR (soos hy toe was) egter die vraag geopper of dit hoegenaamd nodig is dat enige bevel deur 'n Hersieningsregter gemaak moet word in gevalle waar dit onmoontlik is om die verrigtinge tot sy normale einde deur te voer. Die gevolgtrekking van Flemming

WnR was dat "volgens die regspraak bring onmoontlikheid daarvan om met die verhoor voort te gaan weens onbeskikbaarheid van die landdros mee dat die verrigtinge sonder meer as abortief beskou word en verval sonder die noodsaak van enige tersydestelling deur 'n hoër hof" (vgl bl 660H). In al die beslissings *supra* na verwys, is sodanige bevel egter wel deur die Hersieningsregter gemaak. In **STAAT v CHIGUMBU** (*supra* bl 929A-B) het Gubbay R *obiter* te kenne gegee dat daar veel te sê is vir Flemming WnR se sienswyse. Dit skyn egter asof Cloete R in **STAAT v LAPPING** (*supra* bl 416d-e) nie heeltemal hiermee saamstem nie.

[5] Ek meen dat die antwoord sinvol afhanklik gestel kan word van die sekerheid waarmee gesê kan word dat die verhoor voor die verhoorlanddros nooit sal kan voortgaan nie. Indien die verhoorlanddros byvoorbeeld te sterwe kom, sou daar myns insiens geen nodigheid wees dat 'n Hersieningsregter genader word vir enige bevel nie. Die verrigtinge verval dan eenvoudig vanself. In die ongerapporteerde uitspraak in **S v DINGAAN RASKANKANE**, Hersieningsnommer 1983/98 (OPA) gedateer 28 Mei 1998 het hierdie Hof by monde van Theron WnR met wie Hancke R saamgestem het inderdaad so beslis. Andersyds, as die graad of omvang van die verhoorlanddros se onbeskikbaarheid ter sprake is en die vraag ontstaan of die punt bereik is dat dit in die algemene belang van regspleging is dat nie toegelaat behoort te word dat die verhoor

onbepaald sloer totdat die landdros eendag, indien ooit, weer beskikbaar raak nie, is dit nodig dat die geval "aan die diskresie van die betrokke hersieningshof oorgelaat word want dit sal 'n deurdagte opweging van die voor- en nadele van uitstel teenoor herverhoor verg wat van die omstandighede in elke geval afhang". (Vgl **STAAT v TLAILANE** (*supra* bl 110A – 111A).) 'n Bevinding of die landdros onbeskikbaar is om met die verhoor voort te gaan is dan nodig. 'n Landdroshof kan nie beslis oor die geldigheid van sy eie verrigtinge nie. 'n Bevinding hieroor deur 'n hoër hof is dus noodsaaklik.

[6] Of so 'n bevinding indien positief, ook opgevolg moet word met 'n bevel wat die verrigtinge tot op daardie tydstip tersyde stel, skyn my 'n bloot teoretiese debat met geen praktiese effek te wees nie. Dit is duidelik dat die hoër hof wel die bevoegdheid het tot die maak van so 'n bevel. Ten einde enige moontlike verwarring te vermy mag dit egter wenslik wees dat so 'n bevel wel gemaak word en ek is voornemens om dit te doen.

[7] Ten slotte moet gemeld word dat die beskuldigde 'n belang het by gevalle waar 'n bevinding dat die verhoorlanddros onbeskikbaar geword het van 'n Hersieningsregter geverg word. Normaalweg behoort sy siening in gevalle waar so 'n bevel van 'n Hersieningsregter aangevra word, verkry te word en tesame met die stukke aan die Hersieningsregter voorgelê te word. In die onderhawige geval is dit

egter so klaarblyklik tot voordeel van die beskuldigde dat die bevel wat hierna volg, gemaak behoort te word, dat daarvan afgesien word. Die vervolgingsgesag moet in die posisie geplaas word om in die lig van omstandighede wat beste aan sigself bekend is, self te besluit of daar

met 'n vervolging *de novo* voor 'n ander landdros voortgegaan moet word. Geen bevel in hierdie verband is nodig nie.

Bygevolg word bevind dat die verhoorlanddros in Sasolburg saak nr **B1503/2002, S v PHILLEHA TABOHO MOKOENA** onbeskikbaar is om met die verhoor voort te gaan. Die verrigtinge tot dusver word tersyde gestel.

**CB CILLIé, R**

**EK STEM SAAM:**

**M VOGES, WR**

/Jacobs